Neem-Dit-Huis-Toe – Gr. 1

Die Kerk – My geloofsfamilie

Hoekom is dit nodig dat ons kerk toe gaan? Om kerk toe te gaan moet ook vir my lekker wees en ek moet uit my eie wil gaan. As ons kerk toe gaan omdat ons dit moet doen en omdat dit 'n gewoonte is, moet ons weer bietjie ons redes heroorweeg en daaroor besluit. Kerk toe gaan is nie net 'n tradisie nie. Dit is ook nie veronderstel om iets te wees wat ek doen, omdat ek dink dit is deel van my kultuur nie. Dit is 'n baie belangrike deel van en ander se geloofslewe. Jesus het die kerk ingestel met 'n rede. Kom ons maak seker dat ons onthou nog daardie rede.

- ☺ Wat is die kerk?
- ☺ Hoekom dink julle moet 'n mens kerk toe kom?
- ☺ Kan jy 'n Christen wees en nie kerk toe gaan nie?

Lees Efesiërs 2:19.

- ☺ Weet julle wie hierdie huisgesin is waarvan ons lees in hierdie teksgedeelte. *(Huisgesin = Kerk / Medegelowiges)*
- ☺ Lees Lukas 4:16 (Dit was selfs vir Jesus baie belangrik om kerk toe te gaan).
- ☺ Lees Psalm 84:5-6. Hoekom dink julle is dit goed om kerk toe te gaan?

Wanneer pa vuur maak om vleis te braai gebruik hy gewoonlik hout of houtskool, of so iets. Het julle al gekyk hoe hy dit doen? Hy pak die goed mooi bymekaar. Hy sorg dat alles in een groepie bymekaar lê voordat hy dit aan die brand steek. Dan, as dit 'n rukkie gebrand het, lê daar gewoonlik kole aan die onder kant. Het julle al gesien wat met een van die kole gebeur wanneer hy per ongeluk wegrol en nie meer deel van die groep is nie? As 'n kooltjie so eenkant op sy eie lê, dan gaan hy vinnig dood, omdat hy nie meer deel is van die groepie, waar hy sy hitte by hulle kan aansteek nie.

Die kooltjie het nodig om deel te wees van die hopie, want hy kan nie alleen wees nie.
Die kerk is net soos daardie hopie kole. Almal van ons is soos een van daardie kooltjies. Wanneer ons bymekaar is en deel is van die groter groep, dan hou ons mekaar warm met die liefde van Jesus. Maar as ons alleen is en nie meer by die ander kooltjies kan gaan aansteek nie, gaan ons nie meer so lekker kan brand nie. Ons gaan nie doodgaan nie, maar ons gaan alleen wees en nie meer by ander die warmte van Jesus se liefde kan voel nie.

As ons nie elke nou en dan weer ons warmte van Jesus se liefde met die ander gaan deel en by ook weer aansteek nie, gaan ons koud word so op ons eie. Ons gaan nie doodgaan nie, maar ons vlammetjie wat so mooi brand vir Jesus, gaan nie meer kan brand nie.
As die kooltjie wegrol en nie meer deel is van die groep nie, beteken dit nie dat hy nou glad nie meer 'n kooltjie is nie of dat hy vir 'n rukkie nie sal brand nie. Vir 'n rukkie is hy nog gloeiend

warm, maar later doof dit uit en is hy nie meer warm nie. Hy bly ook nog steeds ’n kooltjie en wanneer hy weer tussen die ander beland, gaan hy weer mooi brand.
Wanneer ons nie kerk toe gaan nie, beteken dit nie dat ons is nie meer Christene nie. Dit beteken ook nie dat ons vlammetjie vir Jesus nie meer kan brand nie. maar die vlammetjie moet elke nou en dan aangesteek word, anders gaan hy al flouer en flouer raak en later nie meer brand nie. Ons het mekaar nodig!

Lees Psalm 149:1-3.
Dit is hoekom ons kerk toe kom. Om God te kom loof en te prys. Wanneer ons dit doen, raak Hy trots op ons en verbeter ons verhouding met Hom. Dan leer ons meer van Hom en leer ons ook by ander mense wat hulle van Hom weet. Partymaal is dit iets wat ons nie geweet het nie. Wanneer ons kerk toe gaan, weet ons ook dat ons nie alleen is nie en dat baie mense vir God ken. Dan kan ons weet dat God regtig bestaan en nie sommer iets in my kop is nie.

God het vir ons die kerk gegee, omdat Hy het geweet dat dit vir ons gaan nodig wees om deel te wees van ’n groep. ’n Groep wat mekaar kan leer en kan ondersteun. ’n Groep wat almal die Here ken en waar die Here met hulle kan praat.

Vir by die huis, probeer die volgende...

Baie mense dink onmiddellik aan ‘n kerkgebou wanneer hulle die woord kerk hoor. Of hulle dink aan ‘n erediens. Ons sê mos altyd: “Ons gaan kerk toe”, bedoelende ons gaan die erediens bywoon. Ander dink weer dalk net aan hulle eie gemeente en haar werksaamhede as hulle die woord kerk hoor. Dit is alles gestaltes van die kerk, maar die woord kerk impliseer baie meer as ‘n struktuur waarbinne mense ‘n klompie reëls moet volg.

Met kerk word bedoel ‘n groepering mense wat besef dat mense God se plan was om God se koninkryk sigbaar te maak in hierdie wêreld. Waar mense dus bymekaar kom om te bid, mekaar te leer, saam om ‘n tafel eet – daar is die kerk bymekaar. Jou gemeente is natuurlik kerk, maar jy is ook die kerk daar waar jy jou getuienis uitleef by die skool of werk of by die huis met kinders.

Kerk impliseer ook gemeenskap. Paul Tournier sê juis: “*There are two things we cannot do alone – one is to be married and the other is to be a Christian*.” Kerk is daar waar jy saam met ander mense jou oë na die bron van die Kerk draai, nl. Jesus Christus

Lees Handelinge 2:43-47

Kyk:

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

Dink:

- Dink jou bietjie in hoe die byeenkoms gelyk het van die eerste gemeente soos ons daarvan lees in Handelinge. Wat verras jou?
- Met watter aktiwiteite het hierdie eerste gemeente hulle besig gehou? Hoe lyk dit anders as wanneer jou gemeente vandag bymekaar kom? Hoe lyk dit soortgelyk?
- Vertel van ‘n keer toe jy by mense saam om ‘n tafel gesit en eet het en spontaan oor die Here gesels het.
- Wat kan jy as die kerk doen om jou gemeente te help om meer gasvry, biddend en diensbaar te wees?

Doen:

- Vandag kan jy dalk iets weggee vir iemand wat dit meer nodig het as jy – op hierdie manier is jy kerk.

Bid:

- Here, ek weet die kerk is U plan om die wêreld ‘n beter plek te maak. Help my om ook my rol as kerk op te neem deur….

Tiener-fokus:

- Kry nog ‘n maat of twee en vra die dominee by jou gemeente of julle nie Sondag die verwelkoming by die deure kan doen nie?

Familie-fokus:

- Nooi nog ‘n familie na julle huis toe. Dek ‘n mooi, eenvoudige tafel en julle kan lekker broodjies eet en water drink. Terwyl julle aan tafel is, gee elkeen aan die tafel die geleentheid om iets te vertel van hulle belewenis van God in die afgelope week. Gee die oudste persoon aan die tafel die geleentheid om vir julle ‘n gedeelte uit die Bybel te lees. Elkeen om die tafel kry geleentheid om een dankie-sê sinnetjie te bid.